LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

**8 Mei 2026**

Beste Volkie-ouers

## WINTERKUIER 2026

Ons Winterkuier is drie weke weg. Daar gaan weer indrukwekkende groot vure wees, en ons sien uit na gesellige saamkuier en lekker lag gedurende die aand. Daar is slegs **drie lapas** nog oor vir die aand. Spring groot asseblief betyds om een van die lapas te bespreek. Tydens hierdie geleentheid gaan die trekking ook plaasvind van die **wenners van die onderskeie pryse**. Leerders wat die meeste kaartjies per graad verkoop, kry die geleentheid om te besluit watter personeellid moet die aand in die dompeltenk val. Die mans onderwysers beplan ook nog u unieke uitdaging waaroor ons u binnekort sal inlig.

## FINANSIES

Ons beleef tans die uitdagendste finansiële tyd in dekades. Die oorlog in die Midde-Ooste asook die wêreldmarkte het ʼn direkte impak op Suid-Afrika se ekonomie. Dit bring mee dat die man op straat werklik uitdagende finansiële besluite moet neem om alles te laat klop. Die skool is in presies dieselfde situasie. Ons moet drastiese besluite neem om vir ons leerders steeds optimale geleenthede te bied. Ons is besig om die volgende prosesse in plek te sit:

- Alle ouers het die geleentheid om aansoek te doen vir **vrystelling** van skoolgelde. Dit is egter gekoppel aan streng vereistes asook ʼn krediet ondersoek.
- Ouers wat nie kwalifiseer vir vrystelling van skoolgelde nie, se leerders sal nie in aanmerking kan kom vir **toere en uitstappies** alvorens hul agterstallige skoolgelde betaal is nie. U is baie welkom om met die hoof of die beheerliggaam te skakel rakende die besluit.
- Ouers wat agterstallig is sal in die toekoms ook aan die **kredietburo** oorhandig word vir die afgradering van ouers se kredietrekord.
- Ons is altyd oop om met ons ouers te gesels oor skoolfonds, maar dit is regtig nie billik dat leerders wie se ouers nie skoolfonds betaal nie, dieselfde voordeel kry uit ekstra geleenthede as ouers wat getrou hul verpligtinge nakom.

Die staat se bydrae het drasties verminder. Dit is ’n afname van 64 % van 2025 tot 2026. Ons is werklik afhanklik van **fondsinsamelingsprojekte**. Effektief beteken dit dat ons ’n tekort van R 700 000 op ons begroting het. Die Kultuuraand was ’n reuse sukses maar die kaartjie verkope gaan bepaal of ons nog ’n fondsinsamelingsprojek moet hou om ons begroting te laat klop. Ondersteun ons **GROOT ASSEBLIEF!**

## SPORTE

Ons was genoodsaak om **ernstige besluite** te neem rakende ons deelname aan sporte. Ons ondersteun tans die Vereeniging-streek met ons **hokkie asook mini-sporte**. Ons is in ’n situasie waar die Vereeniging skole gemaklik is om ons spanne betrokke te kry hul sportdae, maar nie die weg oopgesien het om na Heidelberg te reis vir dieselfde geleenthede nie. Volkskool se ouers dra oorweldigend by met hekgelde asook kos verkope tydens hierdie geleenthede. Daarom het ons besluit om hierdie sport oor te skuif na die Springs-streek waar daar ten minste ses Saterdae is waar al die skole mekaar ondersteun. Die hokkie skakel ook reeds in by die “Asters” gebied wat baie meer blootstelling aan spelers bied. Hierdie besluite gaan verseker gepaard met groeipyne maar ons glo dit is in die beste belang van ons leerders.

## OUERBESOEKE

Ons werk met u hart se punt. Dit is noodsaaklik dat ons ouers direkte toegang moet hê oor wat met kinders gebeur in ’n normale skooldag . Besoek ons groot asseblief vir ’n **begeleide toer** deur die skool. Kontak asseblief vir mev. Rozel Janse van Rensburg vir die bespreking van so ’n besoek. Ons beste bemarkers is elkeen van ons ouers wat die beeld van ons skool uitdra.

## “SOFT SHELL’ BAADJIES

Ons is opgewonde om aan u mee te deel dat die eerste besending van ons nuwe groen “soft shell” baadjies gearriveer het. Ouers wat reeds baadjies bestel het, sal die tweede besending voor die einde van Mei ontvang.

By ons skool is ons **trots** op ons voorkoms, aangesien dit deel vorm van die uitleef van ons skoolwaardes. Netjiese en korrekte skooldrag dra by tot 'n **positiewe beeld** van ons skool en skep 'n gevoel van eenheid onder ons leerders.

**Ons herinner graag ouers en leerders daaraan dat die nuwe groen baadjies slegs saam met formele skooldrag gedra word en nie saam met sweetpakbroeke nie.** Sweetpakke word as 'n volledige stel gedra, volgens die skool se voorskrifte.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning om ons skool se goeie naam en trots uit te leef deur netjiese en korrekte skooldrag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| DATUM | AKTIWITEIT | PLEK |
|---|---|---|
| 9 Mei | Kleuteratletiek | Laer Volkskool |
| 9 Mei | Mini-rugby | Midvaal |
| 11 Mei | Skaak | Laer Volkskool |
| 12 Mei | Netbal teen Vryheidsmonument | Vryheidsmonument |
| 12 Mei | Rugby teen DF Malherbe | DF Malherbe |
| 13 Mei | Netbal teen Emfuleni | Laer Volkskool |
| 14 Mei | Hemelvaart | Laer Volkskool/Klipkerk |

Volkiegroete

**MNR. P. STRYDOM**
**HOOF**